*Dinsdag* **23 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 7:10-1**

**Fokusgedeelte: Jesaja 7:14 (AFR83/2020)**

**Die teken van uiteindelike oorwinning is die geboorte van ’n seun**

In hierdie gedeelte is Agas koning van Juda, en Jesaja die profeet wat God se woord vir die volk en die koning bring. Resin, die koning van Aram, en Peka, die koning van Israel, het teen Jerusalem (Juda) opgetrek vir oorlog – dit het Agas baie bang gemaak. Die profeet Jesaja word deur God gestuur om vir koning Agas ’n boodskap van bemoediging te gaan gee juis aangaande hierdie dreigende oorlog.

Die Here se boodskap, by monde van Jesaja, is eenvoudig: *“Wees versigtig, maar bly kalm! Moenie bang wees nie! Moenie lafhartig raak oor hierdie twee rokende houtstompe nie”* (vs 4).

- Agas moet afsien van sy eie planne en alleen op die Here vertrou vir uitkoms;
- sl lyk sy omstandighede hoe droewig.
- Die koning soek ’n teken van die Here wat wys hierdie volke gaan nie Juda oorwin nie.

Vanaf vers 10-16 ontvang Agas dan ’n teken van die Here, ’n gedeelte wat eintlik sy ongeloof uitwys. Agas weier om vir ’n teken te vra, wat vir ons vroom lyk, maar daardeur verberg hy sy ongeloof. Daarom gee die Here dan in vers 14 ’n teken, of die koning daarvoor vra of nie. En wat is die teken?

- *“Kyk, die jong vrou is swanger, en gaan ’n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel noem”* (vs 14).
- Die teken van uiteindelike oorwinning is die geboorte van ’n seun.
- In die konteks van Agas en Jesaja 7 wys dit na sy seun en na hoe, teen die tyd van die seun se geboorte, die bedreiging van die twee volke lankal sal verdwyn het.

Vir ons is hierdie egter ’n heenwysing na die geboorte van ons Here Jesus Christus (Matt. 1:23). Jesus word Immanuel genoem, want in Hom is God by ons teenwoordig. Die geboorte van ons Here is vir ons die teken dat God Hom só met ons vereenselwig dat Hy mens word om vir ons sondes te kom betaal. So is Christus steeds vandag in elke gelowige se lewe teenwoordig (Matt. 28:20). *“Want ’n kind is vir ons gebore, ’n seun is aan ons gegee.”*

*Sing: Psalm 72-1:1, 2*

*Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)*